# GRENDELTYD LES: ‘n Man na God se hart 2

**Hierdie les kan oor ‘n paar aande gedoen word.**

## 1. INSTRUKSIES VIR DIE LES

- Hierdie les is in die vorm van ‘n Bybelvasvra.
- Deel die gesin in groepe op, maar seker dat daar ‘n Bybel tussen elke 2 gesinslede is.
- Gee ‘n teksvers wat almal saam opsoek, sodra almal dit het vra die vraag, die groep wat eerste die antwoord het steek hulle hande op en gee die antwoord.

## 2. INLEIDING

Ons het die vorige paar aande na die eerste deel van Dawid se lewe gekyk, maar net soos met Moses is daar SO baie wat belangrik is dat ons nie alles in een aand kan doen nie. So ons gaan vanaand aan nadat Dawid koning geword het.

Indien jy toegang tot die internet het is dit ‘n goeie idee om weer die video clip met die opsomming van Dawid se lewe tot op hierdie punt te speel.

**Video clip**: https://youtu.be/OnNXbj6udy4

## 3. AKTIWITEIT 1: Maize

Voordat ons met die vasvra begin gaan ons gou die eeste aktiwiteit doen. Kyk wie kan eerste vir Dawid se kroon by hom uitkry

## 4. VASVRA 1

1. 2 Samuel 5:4
   Dawid was as ‘n jong seun as koning gesalf, hoe oud was hy toe hy koning geword het?

   **Antwoord:** 30 jaar oud

2. 1 Samuel 18:1
   Wie was Dawid se beste vriend gewees?

   **Antwoord**: Jonatan

3. Handelinge 13:22b
   Wat noem God vir Dawid?

   **Antwoord:** ‘n Man na Sy hart

4. 1 Konings 9:4
   Hoekom noem Hy hom so?

   **Antwoord:**
   Hy het opreg en met oorgawe voor God geleef.
   Hy het alles gedoen wat God hom beveel het.
   Hy het God se voorskrifte en bepalings nagekom

## 5. AKTIWITEIT 2: Dot to Dot

Voordat ons met die volgende vasvra begin aan ons gou nog ‘n aktiwiteit doen.

## 6. VASVRA 2

1. 2 Samuel 11:2-3
   Wie was die vrou wat Dawid by haar man gesteel het?

   **Antwoord**: Batseba

2. 2 Samuel 11:15
   Wat het hy met haar man laat doen?

   **Antwoord**: Hy het hom in ‘n plek op die slagveld gesit waar hy gesterf het

3. 2 Samuel 12:14
   Wat was sy straf daarvoor gewees?

   **Antwoord**: Die kind wat vir hom gebore is het gesterf.

4. 2 Samuel 12:14
   Hoekom het God hom hiermee gestraf?

   **Antwoord**: Deur dit wat hy gedoen het, het hy die vyande van die Here rede gegee om die Here se naam sleg te maak.

## 5. AKTIWITEIT 3: Hidden Picture

Voordat ons met die laaste vasvra begin aan ons ‘n aktiwiteit doen.

## 6. VASVRA 3

1. 2 Samuel 12:24
   Watter seun is in die plek van die een wat dood is gebore?

   **Antwoord:** Salomo

2. 2 Samuel 15:14
   Watter seun van Dawid wou hom laat doodmaak sodat hy koning kon word?

   **Antwoord:** Absalom

3. 2 Samuel 18:9 / 14
   Wat het met hom gebeur?

   **Antwoord**: Sy hare het in ‘n boom vasgehaak toe hy onder dit deugery het, en hy het aan sy

hare in die boom bly hang. Een van Dawid se manne het hom toe met ‘n spies gaan doodmaak.


4. 1 Kronieke 22:8
   Hoekom wou God nie hê dat Dawid vir Hom ‘n tempel moes bou nie?

   **Antwoord**: Dawid het te veel bloed op die aarde laat vloei


5. Johannes 7:42
   Hoekom is Dawid so belangrik in die geskiedenis van die Bybel en van God?

   **Antwoord**: Jesus is uit die nageslag van Dawid gebore

## AKTIWITEIT 1: Maize



**AKTIWITEIT 2: Dot to dot**



# AKTIWITEIT 3: Hidden Picture



